

## DIE OPLEIDING VAN ARGITEKTUURHISTORICI IN SUID-AFRIKA

E.A. MARÉ

Departement Kunstgeskiedenis en Beeldende Kunste  
Universiteit van Suid-Afrika  
Pretoria

Die problematiese aard van argitektuur in Suid-Afrika wat in 'n krisis- en oorgangsfase verkeer, moet nagegaan word, want met die oog op die toekoms sal die praktyk deurslaggewend wees vir navorsers. Voorlopig sou mens kon konstateer dat die basis van toekomstige opleiding van argitektuurhistorici Europees behoort te wees, vanweë ons gebrek aan 'n grondige tradisie van argitektuurgeskiedenis. Dan sal ons ook nou moet besin oor 'n nuwe blik op ons argitektoniese erfenis en diegene wat dit as hulle taak sien om die beboude omgewing van tans te evalueer, sal moet besin oor aktualiteite op alle vlakke in Suid-Afrika om werklik 'n bydrae te lewer tot die multi-dissiplinêre aard van argitektuurgeskiedskrywing.

South African architecture is in a transitional crisis and the problems which arise concurrently with this phase should be investigated as architectural practice will be a determining factor for researchers in the future. One could state provisionally that the basis of future training for architectural historians should be orientated towards Europe, due to our lack of a fundamental tradition of Architectural History. Furthermore, we shall have to discuss a new perspective with regard to our architectural heritage and those who see it as their task to evaluate the existing built environment will have to consider topicalities on all levels in South Africa in order to make a real contribution to the multi-disciplinary nature of the historiography of Architectural History.

Daar is geen noodsaak om te pleit vir die erkenning van die professionele status van argitektuurhistorici nie. Daar bestaan wel 'n behoefte aan 'n omskrywing van die taak en bevoegdheid van die argitektuurhistorikus.

Argitektuur ontstaan eers en dān die behoefte aan die dokumentasie en beoordeling daarvan. Daarom is dit nodig om 'n omskrywing van argitektuur én van die taak van die argitek te gee. Die term "argitektuur" het nie net betrekking op individuele geboue wat as meesterstukke van groot argitekture beskou kan word nie. Sedert die vyftigerjare het moderne argitekture konsekwent hulle bewustheid uitgespreek van die universele waarheid dat argitektuur nie die somtotaal van uitsonderlike individuele geboue is nie. Alle geboue moet geëvalueer word ten aansien van omgewingsaanpassing: dit wil sê hoe die voorkoms daarvan op 'n bepaalde plek omringende strukture beïnvloed, hetsy deur daarby in te skakel of selfbevestigend in opposisie daarteenoor te staan<sup>1</sup>. Aspekte van stedelike ontwerp sowel as die breër sosio-ekonomiese en politiese implikasies van beplanning is kragte wat argitektuur vorm, hoewel dit veelal vir die argitek onmoontlik is om beheer daaroor uit te oefen wanneer hy 'n gebou ontwerp of toesig oor die uitvoering daarvan hou. Dit is daarom 'n mistasting van argitekture om hulself te sien in die rol van kunstenaars wat ooreenkomstig 'n intuïtiewe evaluasie van 'n kliënt se opdrag ontwerp, in plaas daarvan om alle faktore wat die lewering van sy prestasie sal beïnvloed, met inbegrip van gebruikers se behoeftes, eers rasioneel te ontleed<sup>2</sup>.

Nietemin is dit nog steeds gangbaar om argitektuur ten opsigte van estetika en visuele gehalte te beoordeel, soos kunshistorici kunstobjekte beoordeel. Dit is voorts eensydig om die wêreldgeskiedenis van argitektuur of die argitektuurgeskiedenis van 'n bepaalde

plek te skryf in terme van die prestasie van enkele uitstaande genieë<sup>3</sup>. Die mens bewoon 'n kulturele landskap, 'n beboude omgewing<sup>4</sup>, wat uit alle geboude strukture daarin bestaan. Dus is dit meer gepas om tot 'n insig te kom oor die gehalte van die mens se beboude omgewing en om sy omgewingsgeskiedenis te dokumenteer, as om slegs geboue van argitektoniese meriete in terme van styl of estetiese kwaliteite te beskryf.

Indien dit aanvaar word dat die term "argitektuur" verwys na geboue in die konteks van hulle landelike of stedelike omgewings, sowel as na die omgewing wat hulle vir al die gebruikers daarvan skep, is dit nie nodig om nuwe terminologie te skep nie. Dan, as begrippe wat daarmee saamhang, kan ook die funksie van argitektuurhistorici en -kritici omskryf word ten opsigte van die dokumentering, ontleding en evaluering van die beboude omgewing van die verlede én van die hede.

Hieruit volg dat die rol van professioneel-opgeleide argitekture is om deskundige ontwerpers te wees, wat met die oog op spesifieke sosiale doeleindes ruimtes kreatief artikuleer, en wie se werkzaamheid op die resultaat van die ontwerpproses gerig is<sup>5</sup>. In klassieke tye het Vitruvius die standpunt ingeneem dat niemand die reg het om homself 'n argitek te noem tensy hy kennis van vele kunste en wetenskappe verwerf het nie<sup>6</sup>. Tans is die argitek nie meer 'n veelsydige deskundige op die gebied van omgewingsontwerp nie. Hy word in sy taak van uitvoering van bouwerke bygestaan deur ander professionele persone soos stadsbeplanners, stedelike ontwerpers, landskapargitekture en 'n verskeidenheid ingenieurs. Dikwels speel die argitek 'n ondergeskikte rol in die bouspan. Daarom moet die rol van die ander deelnemers aan die hedendaagse bouproses erken word, want argitektuur word tans voortgebring deur 'n

span wat namens 'n kliënt optree.

Nadat daar vasgestel is wat argitektuur in die breedste sin van die woord is, vereis die dissiplines van argitektuurkritiek en -geskiedskrywing insgelyks omskrywing. Soos in die geval van kunskritiek kan daar gepostuleer word dat argitektuurkritiek 'n medium is van kommunikasie en interpretasie tussen kunstenaar en publiek. Volgens Howard Gardner is dit die taak van die interpreteerder om die rol van tussenganger te vertolk. Die kritikus, oftewel connoisseur, moet die volgende taak vervul: "... communicate his reactions and evaluations to other individuals. His task is to make discriminations concerning the works he is contemplating, and more generally, concerning the art forms in which he is expert. He may be aided in his task by his subjective reactions and his prior knowledge, but these are secondary to his capacity to perceive essential features of the work and the symbolic media under consideration"<sup>7</sup>.

Soos enige kunswerk wat as 'n dokument beskou en ontleed kan word in terme van die kragte wat dit opgelewer het, of as 'n krag in eie reg<sup>8</sup>, mag argitektuur beskou word as 'n proses met geskiedkundige implikasies, of dit mag beskou word op 'n bepaalde tydstip om die invloed daarvan in die gemeenskap te bepaal. So 'n onderskeid in benadering kan die grondslag vorm vir 'n onderskeid tussen argitektuurgeskiedenis en argitektuurkritiek onderskeidelik, met dien verstande dat die kritikus nooit sy taak sonder geskiedkundige insig kan uitvoer nie<sup>9</sup>. Die volgende verduideliking deur Ada Louise Huxtable gee 'n gesaghebbende omskrywing van die omvang van argitektuurkritiek: "The architectural critic is dealing only tangentially with the production of beautiful buildings. What counts overwhelmingly today are the multiple ways any building serves a very complex and sophisticated set of environmental needs. What is it part of? How does it work? How does it relate to what is around it? How does it satisfy the needs of men and society as well as the needs of the client? How does it fit into the larger organism, the community? What does it add to, or subtract from, the quality of life?"<sup>10</sup>

Daar behoort geen kwalitatiewe verskil tussen die werk van die kritikus en die geskiedkundige te wees nie. Laasgenoemde behoort ook antwoorde te verstrek op al die vrae wat Huxtable ten opsigte van die omgewing vra, maar sy onderwerpe hou nie altyd verband met die hede nie. Die 'dokument' wat hy bespreek, bestaan bes moontlik nie meer nie, of inligting daarvoor mag moeilik bekombaar wees. Dit mag vir die historikus nodig wees om hom op hipoteses of vindingryke rekonstruksies te verlaat om die gees van 'n argitektoniese omgewing van die verlede vas te vang, terwyl die kritikus hom sal bepaal tot die interpretasie van omgewings wat hy kan besoek en van naderby kan bestudeer. Dit is blykbaar 'n aanvaarde mening dat kritici-journaliste is en, soos Huxtable, in koerante

publiseer. Die plek van publikasie is egter geen kriterium nie — dit gaan oor 'n onderskeid ten opsigte van metode.

'n Mens sou kon sê dat die historikus hom met "historiese kritiek" besig hou. Die volgende verduideliking deur Douglas Bush aangaande die taak van die literêre kritikus is ook *mutatis mutandis* op dié van die argitektuurhistorikus van toepassing, mits "outeur" (*author*) deur "argitek" vervang word: "Yet the thoroughly justifiable aim is to recreate all aspects of the past so that we can make ourselves virtual contemporaries of an author and understand his intention and achievements in the light of his own age"<sup>11</sup>.

Argitektuurgeskiedenis en -kritiek dien 'n bepaalde doel. Iedere geslag rekonstrueer die verlede en Argitektuurgeskiedenis hoort tuis by sowel Kunstgeskiedenis as Kultuurgeskiedenis. Dit kan aansluiting vind by aspekte van Kerk- en Sosiale Geskiedenis, sowel as die Geskiedenis van Tegnologie en Ingenieurswese — om slegs enkele verwante studiegebiede te noem. Volgens Johann Huizinga is dit meestal die oorsprong van die nuwe wat mens in die verlede soek<sup>12</sup>. In alle vertakkinge van geskiedkundige studies probeer die navorser nie net die verlede verstaan om die ontwil van esoteriese kennis nie, maar, soos daar in Bush se aanhaling geïmpliseer word, is dit die doel met sodanige studies om 'n begrip te vorm van hoe die hede uit die verlede ontstaan het. Aangesien die mens nooit los is van sy bouwerk nie, is dit te verstane dat Argitektuurgeskiedenis 'n besonder multi-dissiplinêre vak is. Die mens se aspirasies vind veelal uitdrukking in sy omgewing en hyself verander nie sonder dat hy ook sy omgewing verander nie.

Die doel van argitektuurkritiek is voor-die-hand-liggend: om argitektuur as goed of sleg te evalueer en om tussen omgewings wat die gehalte van menslike lewe verbeter en dié wat afbreuk daaraan doen, te onderskei. J.M. Richards wys daarop dat kritiek daartoe kan bydra: "... both in helping architects to raise their own standards and in helping to establish that body of informed public opinion without which, it is always said, architecture cannot make useful progress ..."<sup>13</sup> Of argitekte en/of die publiek in die reël ag slaan op kritiek om daaruit te leer, is moeilik om te bewys. Maar selfs indien die kritikus daarin slaag om mense te help om te sien wat die argitek tot stand gebring het, het hy 'n nuttige doel gedien<sup>14</sup>. 'n Ware begrip van argitektuur gryp egter dieper as die uiterlike; argitektuur moet ook ten opsigte van funksie en omgewingsaanpassing beoordeel word, wat òf langdurige gebruik òf vertroudheid as 'n voorvereiste stel.

Die media wat veelal in die beoefening van Argitektuurgeskiedenis en -kritiek gebruik word, is taal en visuele dokumentasie. Die verbale en fotografiese of grafiese karakterisering behoort 'n objektiewe weergawe van 'n konkrete werklikheid te wees. Argitektuurkritiek behoort nie as 'n kuns beskou te word nie, want 'n kritikus behoort sy ervaring van 'n

beboude omgewing sistematies en rationeel uiteen te sit. ('n Kritiese beskouing mag nie met argitektuurteorie verwar word nie, want teorie mag as 'n abstraksie geformuleer word, dog wel met verwysing na geselekteerde bouwerke waaroor nie *per se* navorsing deur die outeur gedoen is nie.)

Na hierdie kort karakterisering van argitektuur, die dissiplines en doelstellings van argitektuurgeskiedenis en -kritiek, moet die kwessie nagegaan word van wíé bevoeg is om argitektuurhistorici en -kritici te wees.

Die eerste persoon waaraan mens dink, is die argitek. Hy is in die reël hoofsaaklik as 'n professionele persoon opgelei — om geboue ooreenkomstig kliënte se wense te kan uitvoer<sup>15</sup>. Nietemin word hy in die meer kreatiewe aspekte van sy opleiding geleer om te ontwerp. Sy leermeesters het dan die rol te vervul van 'ontwerpkritici', waaroor Peter Collins soos volg uitwei: "In other words, our profession has instinctively recognized that, as far as the process of creativity is concerned, the essence of architectural education is architectural criticism. One may even go so far as to assert that the criticism of drawings and models intended to constitute projects for future buildings constitutes the only activity really worth describing as architectural criticism: for the so-called 'criticism' of buildings which have already been erected is seldom at its best except when it is a type of history — an objective description of selected significant facts"<sup>16</sup>. Dit is waar dat niemand behalwe die argitek spesifiek geleer word om sketsplanne en modelle van projekte te kritiseer nie. Dog, die kliënt wat 'n argitektoniese projek aanvaar of verwerp, tree ook as 'n kritikus op. Die groter publiek sien in die reël slegs voltooide geboue en individuele persone moet op hulle eie insig staat maak om te besluit of daardie geboue goed of sleg is. Indien Collins geglo word, sal die publiek se kritiek subjektief wees en vandaar selde indien ooit geldig. (Indien mens dit sou debattee, word die gebied van funksionalistiese of rasionalistiese stellingname betree wat nie hier ter sake is nie.)

'n Spesiale kategorie van steeds toenemende professionele persone na wie Donald Appleyard as "interpreteerders" verwys, wat nóg argitek nóg ontwerpers is, tree tans na vore as hedendaagse omgewingskritici en voldoen aan die vereistes ten opsigte van kritiekbeoefening wat hierbo gekonstateer is. Appleyard kategoriseer die interpreteerders as: "Reporters and news commentators, those who write and publish guidebooks, and researchers, scholars, and authors who uncover new information about the environment, and who edit and publish in professional journals and magazines are all interpreters. They can change perceptions of an environment and hence mould public opinion without direct environmental intervention"<sup>17</sup>. Interpreteerders is in 'n tussengangersposisie, tussen ontwerpers en die lekepbliek. Vanweë hulle doel om inligting vry te stel, spreek dit vanself dat hulle nie

primêr ingestel is om subjektiewe oordele oor die estetiese kwaliteite van argitektuur kwyf te raak nie; hulle probeer ook nie om argitek te adviseer oor hoe om 'n beter prestasie te lewer nie, maar tree op as ingeligte kommentators oor die gebruik en ervaring van omgewings. Onder dié groep navorsers word sielkundiges en sosioloë aangetref wat kommentaar lewer oor die reaksies van mense in verskillende milieu's. Die terugvoering wat hulle aan argitek, stedelike ontwerpers en stadsbeplanners kan gee, moet ernstige oorweging deur genoemde beroepslui geniet. Dit is van kardinale belang dat argitek en ander beroepsontwerpers ag slaan op die navorsing wat interpreteerders doen omdat hulle self dikwels nie toegerus is of nie die tyd het om navorsing op enige vakgebied te doen nie<sup>18</sup>.

Die dissiplines betrokke by argitektuurgeskiedskrywing is net so omvattend as dié betrokke by die beoefening van argitektuurkritiek. Tradisioneel — en veral in Suid-Afrika — word Argitektuurgeskiedenis as onderdeel van Kunstgeskiedenis beskou. Laasgenoemde vak erken geskiedenis as relevante agtergrondstudie, maar plaas die klem op die bestudering van konkrete voorwerpe van die mens se skeppende vermoë. Argitektuurgeskiedenis kan egter nie beoefen word met as uitgangspunt dat argitektuur een van die beeldende kunste en dus by uitnemendheid 'n visuele kunsvorm is nie. Die argitektuurhistorikus moet toegerus wees met kennis van geskiedenis, sosiologie, die wetenskappe, tegnologie en talle ander vakgebiede. 'n Mens kan dus tot die slotsom kom dat geskiedkundiges, sosioloë, wetenskaplikes en spesialiste in baie ander studierigtings 'n bydrae tot argitektuurgeskiedenis behoort te kan lewer. Argitek word uit die aard van die saak nooit buite rekening gelaat nie. Om argitektuurgeskiedskrywing volwaardig tot ontplooiing te bring, moet soveel doenlik toepaslike inligting ingewin word oor die samelewings waarin dit ontstaan het. Een geleerde, hoe breed sy opvoeding ook al mag wees, is nie daartoe in staat nie. Dit is klaarblyklik indien die omvang van argitektuur weer eens in oënskou geneem word. Volgens Bruce Allsopp omvat dit: "... all that man has done and is doing by means of building to shape his environment. It cannot properly be understood without knowing the forces — social, political, economic, ideological — which have influenced building. No artist works in isolation, least of all the architect, and no building exists in isolation. We are concerned with relationships, with the effects of those relationships upon people"<sup>19</sup>.

'n Argitektuurhistorikus behoort nie 'n spesialis te wees wat nét in een dissipline opgelei is nie. Hy behoort 'n omvattende kennis te hê van verskeie studierigtings wat met omgewingstudies, argitektuur en geskiedenis verband hou. Hy behoort vertrou te wees met die metodes van die kunshistorikus, asook met navorsingsmetodes. Selfs indien hy/sy nie 'n argitek hoef te wees nie, behoort

sy/haar opvoeding só omvangryk te wees as wat Vitruvius vir die argitek voorgeskryf het, naamlik dat hy toegerus moet wees met kennis van alle studierigtings en verskeie vorms van geleerdheid<sup>20</sup>.

Vervolgens word die situasie ten aansien van Argitektuurgeskiedenis as 'n akademiese dissipline en die verwerwing van 'n professionele kwalifikasie in hierdie vak kortliks bespreek. In Duitsland het J. Winckelmann grootliks 'n beslag aan wetenskaplike kunsgeskiedskrywing verleen met sy *Geschichte der Kunst des Altertums* wat in 1764 gepubliseer is. Hierdie werk is eers in 1880 in Engels gepubliseer. Gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu het Duitse geleerdes aan die Warburg Instituut, by name F. Saxl, R. Wittkower, S. Giedion, E. Gombrich, en nog 'n Europeër, N. Pevsner, 'n stempel op Argitektuurgeskiedenis in die Engelssprekende wêreld afgedruk. Tans is dit in Wes-Europa en die Verenigde State van Amerika wel moontlik om voor- en nagraadse kwalifikasies in Argitektuurgeskiedenis te verwerf. Hierdie kursusse word geïnkorporeer in die leerplanne van argitektuurskole en magister- en doktoraalstudies in argitektuur handel dikwels oor onderwerpe uit die Argitektuurgeskiedenis. In Kunsgeskiedenisdepartemente word dikwels voorgraadse kursusse in Argitektuurgeskiedenis sowel as nagraadse spesialisasiekursusse aangebied. Hoewel die situasie in die toekoms mag verander, was die belangrikste argitektuurhistorici deur die eeue heen — van Vitruvius tot by Vincent Scully — opgeleide argitekte.

In Suid-Afrika is die situasie ten aansien van die opleiding van deskundiges op die gebied van Argitektuurgeskiedenis netelig. In alle argitektuurskole wat die professionele kwalifikasie B. Arch. toeken, word Argitektuurgeskiedenis vier jaar lank doseer. Sodanige kursus bied 'n oorsig van wêreldargitektuur (die Westerse en die Oosterse tradisies), meestal met slegs 'n kort studie van die Kaaps-Hollandse nalatenskap as Suid-Afrikaanse komponent van die leerplan. Studente aan die Universiteite van Kaapstad, Pretoria, Natal en Port Elizabeth meet egter geskiedkundige geboue op en kan in die vierde jaar vir 'n semester in restaurasie en bewaring spesialiseer. In hierdie verband is dit noemenswaardig dat restaurasie 'n groot katalisator ten opsigte van Argitektuurgeskiedenis is. Van die beste restoreerders was en is ook noemenswaardige argitektuurhistorici.

Weinig kunsgeskiedenisdepartemente bied Argitektuurgeskiedenis as 'n sistematiese studie aan. Die uitsondering is die departement Kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika. Van die eerste studiejaar tot op honneursvlak beslaan Argitektuurgeskiedenis 'n derde van die leerplan. Aan studente word 'n sistematiese oorsig van Westerse Argitektuurgeskiedenis gebied, dog slegs met 'n geringe Suid-Afrikaanse komponent. In die eerste studiejaar word, ter oriëntasie, van studente verwag om 'n plaaslike gebou met klassieke

komponente te besoek, te fotografeer en te beskryf, ten einde hulle vertrouwd te maak met die "woordeskat" van ons Neo-Klassisistiese erfenis. Af en toe word daar by UNISA 'n honneurs-artikel of 'n M.A.-verhandeling oor 'n argitektoniese onderwerp geskryf. G. Herbert het onder prof W. Battiss gepromoveer oor die onderwerp van R. Martienssen en die Internasionale Styl<sup>21</sup>.

Dan is daar diverse boeke oor enkele van ons toonaangewende argitekte geskryf. Dié is so wel bekend dat ek hulle nie sal opnoem nie. Ek kan egter nie nalaat nie om sinies op te merk dat hulle byna sonder uitsondering slegs die kansen van 'n tweede navorsers wat beter metodes sou wou toepas, bederf het. 'n Onlangse oes van tydskrifartikels oor argitektuurgeskiedenis lui moontlik 'n nuwe era van navorsing alhier in.

Die taak wat op argitektuurhistorici en -kritici alhier wag, is om helderheid te verkry oor ons huidige situasie in die boubedryf. Ons moet besin oor kwessies wat miskien niks met estetika te doen het nie. Een van die vrae wat beantwoord moet word, is: hoe gaan ons in die toekoms bou? Moet ons tegnologiese ontwikkeling in die boubedryf verder voer, of moet ons erken dat massabehuising vir mense in plakkersomstandighede self-help-skemas in derde wêreld-omstandighede gaan verg? Wie gaan die deurslag gee in die beantwoording van ons kardinale vrae ten opsigte van ons pluralistiese samelewing: die politici of die gemeenskap? Hoe beplan mens in 'n kapitalistiese stelsel vir diegene wat ontnem is van rykdom of middele?

By die beantwoording van bostaande en vele ander vrae wat van kardinale belang in ons gemeenskap geword het, het die argitektuurhistorikus 'n pertinente rol om te speel. In die lig van ons boukundige tradisie, of gebrek daaraan in die moderne tyd, kan hy patrone probeer aantoon wat as riglyne vir die toekoms kan dien. Hy kan, tesame met die argitektuurkritikus, optree as deskundige getuie by die debattering van aktuele kwessies. In die lig van argitektuur in stede in Nasionale State en Onafhanklike Voormalige Tuislande, byvoorbeeld in Mbatho, behoort daar nou 'n gesprek met alle betrokkenes by die skema geopen te word oor die geslaagtheid daarvan, al dan nie. Mens sou ten opsigte daarvan kan vra: het daar ooit 'n Tswana-styl in argitektuur bestaan en bevorder die huidige regeringsentrum sodanige ideaal? Of, behoort daar *überhaupt* 'n verskil tussen die styl van argitektuur vir etniese groepe te wees? Hierdie vrae moet nou geva word, en nie net deur politici nie. Hulle behoort deur argitektuurkritici aangevoer te word. Besluite mag nie op 'n *ad hoc*-grondslag geneem word wanneer dit ons mensgemaakte omgewing raak nie. Daar behoort navorsing gedoen te word sodat ons probleme in perspektief kan sien voordat besluite geneem word, sodat die individu se belange nie teenoor dié van die gemeenskap gestel word nie, of dié van een groep teenoor 'n ander nie.

Daar moet aangedring word op deelname vir diegene wat by beplanningsprosesse betrokke is. Inwoners of gebruikers van geboue het sekerlik net soveel reg om saam met die kliënt en argitek te besluit oor aspekte wat hulle produktiwiteit daarin (of aspekte wat met menswaardigheid saamhang) raak. Sodanige deelnemingsonderhandelings kan slegs slaag indien 'n belangelose, dog kundige, persoon soos 'n beroepsargitektuurhistorikus die voor-sitterstoel inneem. Die rol van argitektuur-historici en -kritici hoef nie net te wees om reeds voltooid omgewings te evalueer en te interpreteer nie. Hier te lande behoort hulle hul bepaald ten doel te stel om die behoeftes van die samelewing in die toekoms te bepaal, sodat hulle 'n inset kan lewer wanneer bouprojekte — van die enkele gebou tot volledige stede — beplan word.

Ek pleit dus dat daar 'n besondere behoefte in hierdie land bestaan aan die opleiding van deskundiges wat nie net artikels en boeke oor wêreldargitektuur en die Suid-Afrikaanse boukuns van die verlede sal skryf nie, maar wat kan deelneem aan die proses waarmee ons reeds begin het: om ons gemeenskapsbehoefte te peil en om denkbeelde te help vorm van toekomstige omgewings wat daarin sal voorsien.

Ten slotte is dit moontlik dat die woorde van Robert L. Durham in hierdie land verwesenlik mag word: "It is possible that the great innovators of architecture in our time will not be form-givers at all, but those who invent political and procedural techniques for making effective design possible"<sup>22</sup>.

#### AANTEKENINGE

- 1 Richards, J.M. 1957. Criticism. *Architect's Journal* January 1957, 125: 168.
- 2 Newman, R. 1974. The Basis of Architectural Design — Intuition or Research? *Oxford Research Papers* (Department of Architecture, Oxford Polytechnic), December 1974, (1): 4.
- 3 Vergelyk die "Introduction" deur H.R. Hitchcock in: Copplestone, T. (Ed.) 1968. *World Architecture: an Illustrated History*. London: McGraw-Hill: 11.
- 4 Vergelyk Bronowski, J. 1973. *The Ascent of Man*. London: British Broadcasting Corporation: 19.
- 5 Seckler, E.F. 1968. The Function of Architectural Theory and Criticism. *Architectural Design* August 1968, 38(8): 347.

- 6 Vitruvius. 1960. *The Ten Books on Architecture*. Transl. M.H. Morgan. New York: Dover: 10.
- 7 Gardner, H. 1973. *The Arts and Human Development: a Psychological Study of the Artistic Process*. New York: Wiley: 26.
- 8 Vergelyk Brooks, C. 1951. The Formalist Critics. *The Kenyon Review*, 1951, 13(1): 78.
- 9 M. Tafuri konstateer: "It should be clear, therefore, that we have ... stated a fundamental postulate: the identification of criticism with history. Any attempt to separate criticism and history is artificial and hides an unconfessed conservative ideology. The relegate criticism to a limbo, given to abstract analyses of the present — as if there really existed a 'present' time, quite apart from historical time — means accepting the ransom demanded by the most transient and mystifying mythologies." Tafuri, M. 1980. *Theories and History of Architecture*. London & New York: Granada: 172.
- 10 Aangehaal in Attoe, W. 1978. *Architecture and the Critical Imagination*. New York: Wiley: 21.
- 11 Bush, D. 1951. The Humanist Critic. *The Kenyon Review*, 1951, 13(1): 82.
- 12 J. Huizinga het geskryf: "Het is meestal de oorsprong van het nieuwe, wat onze geest in het verleden zoekt." Huizinga, J. 1949. *Herfstij der Middeleeuwen: studie over levens- en gedachtenvormen der veertiende en vijftiende eeuw in Frankryk en de Nederlanden*. Verzamelde Werken III. Haarlem: H D Tjeenk Willink & Zoon: 3.
- 13 Richards, J.M. 1957: 169.
- 14 "It is the artist's task to make 'visible'. It is the critic's task to help people to see what was made visible". Volgens Seckler, E.F. 1968: 348. Let daarop dat Seckler sy stelling van die volgende hoof voorsien het: "I am using the term 'making visible' in the sense of Konrad Fiedler, cf. his *On Judging Works of Visual Arts*, transl. by H. Schaefer-Simmern, Berkeley, 1967".
- 15 Waarom argitek nie navorsing kan doen nie: Vergelyk Holm, H. 1983. *Handelinge van die Seminaar vir Argitektuurdosente van die Suid-Afrikaanse Universiteit*, gehou op 7 en 8 Oktober 1982 aan die Universiteit van Pretoria. Publikasienuommer 8301, Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria.
- 16 Collins, P. 1968. The philosophy of architectural criticism. *Journal of the American Institute of Architects*, January 1968, 49: 49. Kursivering deur Collins.
- 17 Appleyard, D. 1979. The Environment as a Social Symbol: with a Theory of Environmental Action and Perception. *Journal of the American Institute of Planners*, April 1979: 145.
- 18 Dit is bes moontlik so, want Newman haal skrywers (Llewelyn-Davies en Cowan) aan "who have argued that though architects have, in philosophical terms, escaped from the false 19th century idea that art and science were opposed, there, nevertheless, still exists a feeling of hostility and suspicion towards research". Newman, R. 1974: 1.
- 19 Allsop, B. 1970. *The Study of Architectural History*. London: Studio Vista: 119.
- 20 Vitruvius. 1960: 5.
- 21 Herbert, G. s.a. *Martienssen and the International Style: a Case Study in the Dissemination of the Modern Movement*. Ongepubliseerde D. Litt. et Phil.-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika. C.D. Armitage se proefskrif het ook geen relevansie tot die Suid-Afrikaanse situasie ter aansien van inhoud of metode nie. Vergelyk Armitage, C.D. 1985. *Problems in the Derivation and Execution of Sardinian Romanesque Churches*. Ongepubliseerde D. Litt. et Phil.-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.
- 22 Aangehaal deur Rowan, J.C. 1968. Editorial. *Progressive Architecture*, September 1968: 99.